

BURGERSFORT VIER (STEEDS) FEES

Burgersfort Gemeente het die afgelope maande in die nadraai van die storm geleef. Op 27 Januarie 2019 het die gemeente by die kerkgebou opgedaag vir, wat nog 'n vreugdevolle erediens in ons kerkgebou moes wees. Vir die chaos wat op ons gewag het, was niemand voorbereid nie. Die storm wat deur die nag gewoed het, het dakteëls afgewaai en water ingepers dat die plafonne uitgeval het, toerusting beskadig is en die eens helderdroen matte was nou 'n bruin moddermoeras. Die kerkbanke het vol modderwater gestaan die die orrel was oordek met rommel en water en het skynbaar haar laaste swanesang gesing.

Maar “deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut.” (Klaagl 3:22-23) Ja inderdaad is die trou van die Here groot! Stelselmatig kon die kerkgebou herstel word en kon ons gemeente weer beleef dat ons as gemeente nie die gebou is nie – dit is net die ruimte wat God aan ons geleen het waarin ons bymekaar kom om Hom te loof as geestelike familie.

Wat 'n vreugde en wat 'n genade. Die ou Geloftesaal, waarin eredienste gehou is voordat die kerkgebou opgerig is, is mos nou lankal 'n Christenskool. Daar was nie plek om in te vergader nie. Maar deur die goedheid van die Here is daar so ses jaar gelede begin om 'n nuwe saal te bou. Dit is nog nie heeltemal klaar nie – die vloere kort nog teëls en die dak kort plafonne, maar dit is baie meer as wat baie ander gemeentes het. In hierdie nuwe saal het ons die Here geloof, is babas gedoop, het ons nagmaal gevier en hier het ons getreur oor geliefdes wat ons moes groet... Die gebou definieer nie wie ons is nie – net Jesus doen!

Na ses maande is ons nou in die posisie dat ons die her-inwyding van die kerkgebou beplan. Ons gebed is dat die gebou 'n sigbare teken sal bly van God se herstel, bevryding en genesing ook vir ons as mense – selfs nadat die storms van die lewe, sonde of omstandighede ons stukkend gebreek het. “Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie...” roep ons uit saam met Klaagliedere 3:21-22.

Daarom nooi ons gemeente alle oud-lidmate, oud-leraars en belangstellendes uit om saam met ons te kom feesvier op Sondag 1 September 2019 om 08:30. Ons roep die uitnodiging uit aan almal vêr en naby: Kom en wees saam met ons bly want die Here was goed vir ons!

Johan Koen (namens al die lidmate van Burgersfort Gemeente)

Baie dankie
Jeanette